

2

J. G. S. Coetzee

Eerste Beginsels

VAN

DI AFRIKAANSE TAAL,

UITGEGE DEUR

DI GENOOTSCHAP VAN REGTE AFRIKANERS.

~~~~~  
TWEDE DRUK.  
~~~~~

D. F. DU TOIT & Co.,
PAARL, KAAP DE GOEDE HOOF.

1882.

A
439.36
GEN

Eerste Beginsels

VAN

DI AFRIKAANSE TAAL,

OPGEDE DEUR

DI GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

TWEDE DRUK.

D. F. DU TOIT & Co.,
PAARL, KAAP DE GOEDE HOOP.

1882.

DI AFRIKAANSE TAAL:

1

Gen Hollans, Duits of Frans,
Gen Engels, of Javaans,
Gen Kaffers, of Boesmans,
Al goi jy almal in di skool,
Ver ons kan hulle nooit ophaal,
Di ware Afrikaanse Taal.

2

Ofskoon ons taal hier blyf,
En idereen d't skryf,
Net na di wind hom dryf ;
Di Afrikaans blyf daarom reg :
Wat regtig goed is word ni sleg,
Al trap jy hom, of goi hom weg.

3

Ofskoon gen een dit leer,
Mar ongepermitteer
Verfoes, verknoei, onteer ;
Ons Moedertaal blyf daarom goed :
Ons Taal sit in ons murg en bloed,
En groei nog op in te'enspoed.

4

En twyfel jy hieran ?
Myn liwe goeje man,
Vat jy di boek dan an !
Ek wed, as jy ons spraakkuns leer,
Dat jy gen taal so hoog sal eer,
Nou kom, seg : Top ! man ; en perbeer.

'N KORT WOORTJI VOORAF.

Di eerste boeki wat "Di Genootskap van Regte Afrikaanders" nitge is DI EERSTE BEGINSELS VAN DI AFRIKAANSE TAAL. En dit kan oek ni anders ni, want di Genootskap is mos opgerig "om te staan ver ons Taal, ons Nasi en ons Land."

Mar let op! Dis mar "EERSTE BEGINSELS" wat ons hier ge; dis ni 'n eintlikke SPRAAKKUNS ni. Né, ons weet te goed dat gen taal, nes 'n swarewceersteen, sonar kant en klaar uit di hemel val ni. Dit neem lank tyd om 'n taal goed te kry. Kyk mar Hollans en Engels; wat was dit eers, en wat is dit nou? En heeltemal volmaak word gen taal ooit ni. Want waar is 'n taal wat ni syn foute en gebreke en onregelmatighede het ni?

Daarom ge ons voreers mar "EERSTE BEGINSELS." Dis ver van volmaak af; dit weet ons goed. Want dis mar di eerste perberslag. En idereen wat kennis het daarvan weet dat dit gen gemakkelikke werk is om di beginsels van 'n taal op te spoor ni. Mar dit durf ons tog gerus sé: Ons het hierin getoon, dat Afrikaans net so goed 'n taal is as enige taal van di wêreld. Hy het net so goed syn woorde, syn vorme syn wette, ens. En ons daag enige vyand uit om te bewys' dat dit ni so is ni.

"EERSTE BEGINSELS" ge ons mar. Want ons wil voreers nog ni 'n Spraakkuns maak nes 'a jurkie om ver di Afrikaanse taal an te trek ni. (So het hulle met bring ander tale gemaak). Né, di taal groei nog altyd an, en dan is di jurki net nou te klein en dan knel dit. Ons taal is net nou nes 'n kind wat begin te loop, en nou ge ons di "Eerste Beginsels" ver 'n leiband om an vas te hou en so goed te leer loop.

'n Afrikaner kan nou uit di EERSTE BEGINSELS in 'n paar dage of weke net so goed leer om syn eie taal te skrywe as 'n Engelsman Engels, en 'n Hollander Hollans. Ja, Afrikaners! nou kan julle sien hoe veel gemakkeliker dit is om julle eie taal te leer, as vreemde tale. En dan kom dit nog daarby, dat 'n mens 'n vreemde taal nooit so goed leer as jou eie ni.

Vrinde en vyande kan mar anmerkings maak soveul as hulle wil. Ons sal dit in ons sak steek. Op 'n goeie dag kan dit ons te jas kom.

GROETENIS VAN DI GENOOTSKAP!

Paarl, 1876.

VOORREDE VER DI TWEEDE UITGAAF.

Di tweede uitgaaf is mar 'n herdruk, omdat di eerste glad nitverkog is en daar nog geldrig anvaag kom; met geringe wysiginge op di vollende pante:

1. Di lange *i*, wat in oue-Hollans oek met 'n bygevoegde *e* verlengd werd, nes alle andere klinkers (byv. daer, die, vuur, ens.) skryf ons in 'n ope lettergreep sonder di *e*, nes by di ander klinkers, want in di geval is alle klinkers van self lank, soos *ja-re*, *me-nig*, *li-wers*, *lo-pend*, *ru-rig*, *ij-di-g*. In nuwe-Hollans word, op ongeroegde wyse, party klinkers verleng deur verdubbeling, soos *a*, *e*, *o*, *u*; di *i* noyt deur di byvoeging van *e*; di *y*, en partykeer *a* en *e* en *u*, blyf enkel oek waar dit lank is. Ons hou ons regel.

2. *Sulle* ver *Hulle* het ons lat vaar; dis ni in ons taal tais genoeg ni! Weinige gebruik dit.

3. Di anmerkings is meer om te *lees* as om te *leer*.

4. O'treerkomst'g ons beginsel skryf ons di onbepaalde lidwoord "en" so: 'n, en di telwoord "één" skryf ons *een*.

Paarl, August 1882.

INLEIDING.

1. Di Afrikaanse Taal is eintlik 'n tak van di Hollanse taal. Mar in di loop van di tyd, veral nadat di Koloni van Holland los geraak het, is dit heeltomal verander, so dat 'n rou Hollander wat hier kom ons ni kan verstaan ni, omdat ons so veel ander woorde in ons taal opgeneem het, en di Hollanse woorde in ander vorme en betekenis gebruik.

2. Ons taal is dus 'n afstammeling van di Germaanse tale, en dit het di karakter gehou oek. Daarom dat ons woorde byna almal uit Hollans en Duits kom. Van Engels en Frans, wat 'n mens dit sou verwag, kry jy amper *geen woorde* in ons taal ni; mar wel enkele *uitdrukkings*.

3. Daar is in ons taal suiwer Afrikaanse woorde, so's *karkatji, pondok, skaapsteker, amper, biltong, koggelstok, hot-opses, haar-naus-coor*, ens.

4. Di meeste van ons woorde is daarom mar Hollanse woorde wat ons verkort of veranderd gebruik. Ons woord *nous* kom van di Hollanse woord *immers*, *naant van goeden avond*, ens.

5. Uit Duits het ons meer woorde as 'n mens sou dink. So's *stewel, gewirskaf, dan en van, vergange jaar*, ens.

6. Uit Engels, Frans, Portugees, ens. kry 'n mens oek nou en dan 'n woord. Mar dis *mar min*.

7. Mar di tale het daarom invloed uitgeoefen op di gebruik van ons eie woorde, veral Frans, deur di Franse Vlughtelinge. So's di twemaal *ous* ver di Hollanse *wij* en *ous* kom ver di naaste van di Franse *nous* ver *wij*, en *nous* ver *ous* oek. So oek di dubbele *ni* is nes di Franse *ne pas*. ens. Utdrukkings so's *di een, di ander een*, ens. kom weer uit Engels.

8. Ons taal kom meer as enig ander taal oereen met ons tyd: kort, kort! Ons het al di slepende uitgange van di werkwoorde lat val. Ver *eten, drinken, loopen*, ens. seg ons sonar kortaf *et, drink, loop*, ens.

9. Ons taal en ons geaardheid kom net oereen: in ons woorde ni meer letters as nodig is ni, en in ons werk *geen omslag* en *min onkoste*. Veral baing medeklinkers goi ons nit, en dit maak ons taal sag en vloeiend, so's *eie* ver *eigen*, *oue* ver *oulen*, ens. En hoe meer klinkers in 'n taal, hoe beter dit klink.

EERSTE PART.

OM DI WOORDE REG TE SKRYWE (ORTHOGRAFI).

EERSTE HOOFSTUK.—O'ER DI LETTERS.

1. 'n Taal bestaat uit *woorde*, en woorde uit *letters*, wat as *sillabes* uitgespreek word.

2. Daar is in ons taal 22 letters: *a, b, d, e, f, g, h, i, j, k, l, m, n, o, p, r, s, t, u, v, w*, en *y*.

Di *e, y, x*, en *z* gebruik ons maar net in vreemde woorde. (Of sal ons, soos in Italiaans en Sweeds, di vreemde letters heeltemaal weggooi?)

3. Ses van di letters is *klinkers*: *a, e, i, o, u* en *y*. Al di ander letters noem ons *medeklinkers*, omdat 'n mens hulle ni sonder 'n klinker kan uitspreek ni.

4. Di klinkers het verskiende klanke. Mar dis ni nodig om almal an te wys ni. Net maar wat nodig is om abuis voor te kom go ons hier an. So's di *e* het twee aparte klanke in *né!* en *nè?* Daarom kan 'n mens daar so'n strepi bo op set, regs *é* en lings *è*. Mar dan het di *e* nog 'n ander klank, in wêreld, pêrd, wê, lê, lé, ens. dit skryf ons met 'n kappie bo-op so *é*.

TWEDE HOOFSTUK.—O'ER DI SILLABES.

1. So veel woorde as 'n mens in een slag uitspreek is 'n sillabe. As ek seg *Adam*, dan is *A* die eerste en *dam* di tweede sillabe.

2. Ons het woorde van een en meer sillabes, so's *skool* is 'n woord van een sillabe, *biltong* van twee, *juisement* van drie, *kuiskanuëjji* van vier, *pap-lêllekoors* van vyf, en *kaffjorwater-lemoen* van ses sillabes, ens.

3. 'n Sillabe is ope of geslote: ope as dit op 'n klinker uitgaat, en geslote as dit op 'n medeklinker eindig. So's in *lemoen* is *le* 'n ope en *moen* 'n geslote sillabe.

4. In 'n ope sillabe verdubbel ons nooit 'n klinker om dit lank te maak ni. Dis dan van selwers lank. So's *twee* is niks langer as *twe* ni, *soo* is niks langer as *so* ni.

5. Waar twee klinkers agter makkaar kom en twee sillabes maak, daar sit ons 'n apostroef (') tussen di twee so's *ho'e* en *la'e mense*.

DERDE HOOFSTUK.—O'ER DI SPELLING.

1. Ons skryf nes ons praat.
2. Eie name en vreemde woorde skryf ons deur-'n-bank so's dit in di taal geskrywe word waarnit ons dit o'erneem.
3. Ons skryf ni *sch* mar *sk*. 'n Afrikaner *sé* ni *school*, mar *skool*; ni *sch*apen, mar *skape*.
4. Ons skryf inet 'n groot letter :—
 - a. Di eerste woord van elke volsin.
 - b. Di eerste woord van elke re'el in 'n gedig.
 - c. Al di eie name.
 - d. Di woorde wat 'n besondere persoon of saak andui.

 TWEEDE PART.

OM DI WOORDE REG TE VERBUIG EN TE VERVOEG (ETIMOLOGI).

EERSTE HOOFSTUK.—O'ER DI SOORTE VAN WOORDE.

1. Ons het tien soorte van woorde in ons taal :—

1. Naam-woorde.	6. Werkwoorde.
2. Lid-woorde.	7. By-woorde.
3. Hoedanigheids-woorde.	8. Voorsetsels.
4. Voornaam-woorde.	9. Voeg-woorde.
5. Tel-woorde.	10. Uitroep-woorde.
2. Di Naam-woorde, Hoedanigheids-woorde, Voornaam-woorde, en Tel-woorde word verbuig,
3. Di Werk-woorde word vervoeg.
4. Di ander soorte blyf onveranderd.

 TWEEDE HOOFSTUK.—O'ER DI NAAM-WOORDE.

1. Elke ding het syn *naam*, en di woord wat di naam uitdruk is di *Naamwoord*. Di ding wat ek me skrywe heet *pen*, daarom is *pen* 'n Naamwoord.
2. Daar is twe soorte van Naamwoorde :—
 - a. *Algemeen*, of *soortname*, so's *mens*, *huis*, *boom*, *dorp*, *berg*, *kar*, *ens*.
 - b. *Bisondere*, of *ciname*, so's *Piet*, *Kaap*, *Kaffer*, *ens*.
3. Di Naam-woorde het dri GESLAGTE :—
 - a. *Mannelik*, as dit iets manneliks andui, so's *man*.
 - b. *Vrouelik*, as dit iets vroueliks meen, so's *vrou*.
 - c. *Onsydig*, as dit ni mannelik of vrouelik is, so's *huis*.
4. Party woorde het twe geslagte, so's *kind* is mannelik as 'n mens 'n seuntji meen, en vrouelik as y 'n dogtertji bedoel.

5, Partykeer maak dit 'n onderskeid an di woord selwers of dit mannelik of vrouelik is, so's *Koning* is mannelik en *Koningin* vrouelik; *meester* en *meesters*, ens.

6. Di Naamwoord het twe GETALLE:—

- a. *Enkelvoud*, as 'n mens een ding bedoel, so's komkommer, kalbas, ens.
- b. *Meervoud*, as jy meer as een ding meen, so's koejawsels, katjipirings, ens.

7. Di Meervoud word gemaak van di Enkelvoud deur *s* of *e* agteran te las, so's *man* word *mans*, *mens* word *mensse*, ens.

8. Di Meervoud van party woorde word anders gemaak: met *ens*, so's vrou word *vrouens*; met *ers*, soos kind word *kinders*, ens. Partykeer word di laaste letter oek verdubbel, so's mes word *messe*, strop word *stroppe*, ens.

9. Woorde so's *koring*, *gars*, *haver*, *vet*, *botter*, *peper*, *sout*, *koffi*, *té*, *rys*, ens. is altyd enkelvoudig.

ANMERKINGS.— By di Naamwoorde praat hulle oek nog van NAAMVALLE in di taalkunde van ander tale, wat moet lat sien in watter betrekking 'n naamwoord gebruik word. En in di one tale het hulle oek werkelik sulke Naamvalle gehad, sodat di woord in elke Naamval wesenlik anders verbuig word. So's in Latyn het hulle ses Naamvalle en in elke Naamval is di laaste letters van di woord anders. Mar in di nuwe tale is di veranderde uitgange al meer en meer weggeval. Dan word di betrekking waarin so'n woord staat, angewys met voorsetsels. Mar dis gen verbuigings ni, want 'n verbuiging moet 'n buiging of verandering an di woord selwers wees. Lat ons nou 'n voorbeeld neem:—

Eerste Naamval:	<i>equus</i> ,	'n pèrd.
Twede	„	<i>equi</i> , van 'n pèrd.
Derde	„	<i>equo</i> , an 'n pèrd.
Vierde	„	<i>equum</i> , 'n pèrd.
Vyfde	„	<i>equæ</i> , o pèrd!
Sesde	„	<i>equo</i> , deur 'a pèrd.

Hieruit siet ons nou duidelik dat di Latynse woord *equus* in elke Naamval 'n ander uitgang het, mar ons woord *pèrd* blyf mar altyd *pèrd*; en so is dit in di meeste nuwe tale, en daarom is dit niks as pure gekheid om van Naamvalle te praat. Di Hollanse taal het nog iets daarvan oergehou, so's:—

Twede Naamval:	eens paards,	van 'n pèrd.
Derde	„	eenen paarde, an 'n pèrd.

Mar Afrikaans, Engels, Frans, ens. het glad gen verbuiging van di Naamvalle an di woord self oergehou ni. Nou gebruik di ander tale wel nog konsuins di Naamvalle en noem dit verbuiging, omdat hulle taalkunde na di Latynse gemaak is. Mar dis niks anders as 'n lege en onnodige vorm. Want hulle verbuig tog ni di Naamwoorde self ni, mar hulle sit mar net di voorsetsels voor di woorde. En op di manier kan hulle wel honderd Naamvalle maak, deur mar idere mal 'n ander voorsetsel voor di naamwoord te sit. Daarom lat ons di gekheid, om verder te praat van Naamvalle, mar glad en al staan.

10. Op laas moet ons by di Naamwoorde nog opmerk, dat 'n mens party daarvan kan VERKLEINWOORDTJIES maak as jy 'n klein dingetji bedoel. Dit doet ons deur *i* agteran di Naamwoorde te las, so's knaap word knapi, ens. As 'n woord op *m* eindig dan kom voor di *i* nog 'n *p*, so's boom word boomp*i*. Partykeer kom daar 'n *tj* voor di *i*, so's hand word hand*tji*, siel word siel*tji*.

11. Party tale, so's Engels, het gen verkleinwoordtjies ni.

DERDE HOOFSTUK.—O'ER DI LID-WOORD.

1. Ons het twe Lidwoorde: *di* en '*n*. Di gebruik ons, as ons van 'n bepaalde ding praat, so's *di Hottentot*; '*n* as ons somarso algemeen iets wil ange, so's '*n* *Grikwa*.

2. Di Lidwoorde word ni verbuig ni.

3. Di 'Telwoord skryf ons voluit *een*, en di Lidwoord '*n*, so's '*n* mens het mar *een* neus.

VIERDE HOOFSTUK.—O'ER DI HOEDANIGHEIDS-WOORDE.

1. Ider ding het *syn hoedanigheid*, en di woorde wat dit anwys noem ons *Hoedanigheidswoorde*, so's *mooi, lelik. oud, jonk, ens.*

2. Kom di hoedanigheids-woord voor di Naamwoord, dan kryg dit '*n e* agteran, so's: dis '*n* flukse pèrd; mar kom dit agter di Naam-woord, blyf dit so's dit is, so's: di pèrd is fluks.

ANMERKING.—Dis eintlik al verbuiging van di Hoedanigheidswoorde. En dis nog meer as in Engels. Hulle het glad gen verbuiging an di Hoedanigheidswoorde ni.

3. Di Hoedanigheidswoorde het nog 'n aparte soort van verandering, dis di sogenoemde TRAPPE VAN VERGELYKING, om di verskillende grade van hoedanigheid van 'n ding an te wys.

4. Gewoonlik neem hulle *drigrade* an. Di eerste is net so's 'n ding van selwers is, so's : 'n *groot* huis. Di tweede graad is as jy di hoedanigheid van 'n ding wil versterk deur dit te vergelyk met ander dinge. Dan seg ons : di huis is *groter* as di ander. Di derde graad is as di hoedanigheid van 'n ding bo al di ander wat jy daarmee vergelyk uitsteek, so's : di huis is di *grootste* van al di huise an di Knaap.

5. Di dri noem hulle oek dri trappe, so's—

di stellende trap: groot,
di vergelykende trap grooter,
di o'ertruffende trap: grootste.

Di eerste trap is di Hoedanigheidswoord self, di tweede kryg *er*, en di derde *ste* agteran.

7. Partykeer word di trappe onregelmatig gevorm, so's : *goed, beter, beste*.

VYFDE HOOFSTUK.—O'ER DI VOOR-NAAM-WOORDE.

1. Voor-naam-woorde kom in di plek van naam-woorde, om dit ni gedurig weer te moet herhaal ni. In plaas van te sê : “Piet het Piet syn pêrd verkoop en toen het Piet spyt gehad,” kan 'n mens sê : “Piet het *syn* pêrd verkoop, en toen het *hy* spyt gehad.” Di woorde *syn* en *hy* kom in di plaas van Piet, daarom is hulle voor-naam-woorde.

2. Ons het vyf soorte van voor-naam-woorde :—

a. PERSOONLIKE VOORNAAM-WOORDE, wat anwys : di persoon wat praat, *eerste persoon* ; enkelvoud *ek* en *my*, meervoud *ons* ; di persoon met wi 'n mens praat, *tweede persoon* ; enkelvoud *jy* en *jou*, meervoud *julle* ; di persoon van wi 'n mens praat, *derde persoon* ; enkelvoud *hy* en *hom*, *sy* en *haar*, meervoud *hulle*.

ANMERKING.—As ons bid tot onse lieve Heere, of as ons praat met imand wat ho'er is as ons, dan seg ons *u* in plaas van *jy* en *jou*, of ons herhaal di naamwoord. Di laaste doet ons di meeste. So's “Pa het ver myn belowe *Tu* sal ver my een van *Tu syn* pêrde ge om dorp toe te ry,” in plaas van : “Pa, *jy* het ver my belowe, *jy* sal ver my een van *jou* pêrde ge,” ens.

b. BESITTELIKKE VOOR-NAAM-WOORDE druk 'n besitting uit, so's : *myn* vrou, *ons* kind, *julle* hoenders. *hulle* tuin, *haar* krawetje, *syn* kiri.

c. ANWYSENDE VOOR-NAAM-WOORDE word gebruik om an te wys wi of wat 'n mens meen. Byvoorbeeld, ek seg : “Ge ver my di juksky an.” Jy vraag “Wattereen—

Hier di? Ek seg, "Ne, *daar-di*." Jy vraag weer, "*Deuskant-syne?*" Ek seg, "Ne, *anderkant-syne*." Jy vraag nog 'n slag, "*Di eene?*" Ek seg, "Ne, *di ander eene*."

Hierdi, daar-di, deus-kant-syne, ander-kant-syne, di een, di ander een, is hier anwysende voornaamwoorde.

d. BETREKKELIKE VOOR-NAAM-WOORDE het betrekking op 'n VOORZETSELWOORD of 'n naamwoord, wat al uitgedruk is, of ni. So's: "di man *wat* daar geloop het;" hier slaat di Betrekkelike Voornaamwoord *wat* terug op di naamwoord *man*. "Wat ni wil loop ni kan mar bly staan." Hier is di woord waar *wat* betrekking op het, ni uitgedruk ni.

e. VRAE'NDE VOOR-NAAM-WOORDE, so's: wi? wat? watter? wattereen?

3. Party Voornaamwoorde het dri geslagte, twe getalle, en nog 'n o'erblyfsel van verbuiging. Dit gebeur by di Persoonlike Besittelike, en Vrae'ende Voornaamwoorde, soos ons kan sien uit di vollende voorbeelde. Di ander blyf almal onveranderd.

PERSOONLIKE VOORNAAM-WOORDE.

Eerste Persoon. { Enkelvoud: *Eek* en *my*. } Ver al di geslagte.
Meervoud: *Ons*.

Tweede Persoon. { Enkelvoud: *Jy* en *Jou*. } Ver al di geslagte.
Meervoud: *Julle*.

ANMERKING.—By di Eerste en Tweede Persoon word gen verskil van geslag gemaak ni. Dis ni nodig ni. Want dis mos di persoon *wat* praat en *wat* hoor. Nou hulle is by maaar, en kan mos sien of dit 'n man of 'n vrou is waar hulle me gesels. Mar di Derde Persoon is ni altyd te'enwoordig ni, daarom moet hier onderskeid gemaak worde, so's ons hier sien.

Derde Persoon.

Enkelvoud, mannelik, *hy* en *hom*.

" vrouelik, *sy* en *haar*.

" onsydig, *dit*, *imand*, *nimand*, *idereen*.

Meervoud, *hulle*.—Ver al di geslagte.

By di tweede persoon is ons taal duideliker as Hollans en Engels albei, omdat ons twe aparte woorde gebruik ver enkelvoud en meervoud, en hulle ni. Ons seg altyd ver enkelvoud *gy* en ver meervoud *julle*; mar Hollans seg ver albei *gy*, en Engels *you*. Hollans het wel valselewe *gylieden* gebruik ver meervoud, mar nou ni meer ni;—en Engels het wel *ihou* ver

enkelvoud, mar dit word mar gebruik in gebede en gedigte, ens., ni in di gewone taal ni. Net so met di Besittelike Voornaamwoorde. Ons seg enkelvoud *jou* en meervoud *julle*. Mar Hollans seg mar *uw* en Engels *your* ver albei.

VOORBELD.

Hollans. — *Gy moet uw les leeren.* Enkelvoud en meervoud.
Engels. — *You must learn your lesson.* Enkelvoud en meervoud.
Afrikaans. — *Jy moet jou les leer.* Enkelvoud.
Julle moet julle les leer. Meervoud.

[BESITTELIKE VOOR-NAAM-WOORDE.

Eerste Persoon.

Enkelvoud: *my*. } Ver al di geslagte.
Meervoud: *ons*. }

Tweede Persoon.

Enkelvoud: *jou*. } Ver al di geslagte.
Meervoud: *julle*. }

Derde Persoon.

Enkelvoud; mannelik: *syn*.
" vrouelik: *haar*.
" onsydig: *syn*.
Meervoud; *hulle*. Ver al di geslagte.

VRA'ENDE VOOR-NAAM-WOORDE.

Wie? is ver mannelik en vrouelik.

Wat? is ver onsydig.

Watter? *Wattereren?* is ver al di geslagte.

4. 'n O'erblyfsel van verbuiging het ons ook nog by di

PERSOONLIKE VOOR-NAAM-WOORDE.

Tweede Persoon: *jou* van *jy*, so's: *jy* leer; ek leer ver *jou*.

Derde Persoon: { *hom* van *hy*, soos: *hy* leer; ek leer ver
{ *hom*.

ANMERKINGS.—*a.* *Myn* is gen verbuiging van *ek*, en *haar* van *sy* ni, al maak hulle dit ook so in di Hollandse taalkunde. Dis glad aparte woorde, en daaruit kan 'n mens sien dat al di tale mar in di war is. *b.* Di derde persoon enkelvoud mannelik wil party mense hê moet ons skrywe *hem*, nes in Hollans. *Hom* is verkeerd, seg hulle. Mar ons seg *hom*, nes di Engelsman seg *him*, di Duitser *ihm*, di Deen *hem*, di Sweed *honom*, ens. En watter is nou di beste? Wel, *him* ver di Engelsman, *ihm* ver di Duitser, *hem* ver di Hollander, ens., en *hom* ver di Afrikaner. *c.* Net so is dit met *ek*, in plaas van di Hollandse *ik*. Di

Grieks en Latyn het oek *ek*, met di uitgang *o* agteran. En so met al di woorde wat ons anders uitspreek as ni Hollans. Dis daarom nog ni verkeerd ni. Want ider nasi spreek 'n woord uit so's vor hulle di beste is. En wi kan nou sê, watter uitspraak di regte is? Myn skepsels! dis mos tog al te dom om te sê: as ons 'n woord ni nes Hollans uitspreek ni, dan is dit verkeerd!!!

En oek by di

BE-ITTELIKE VOOR-NAAM-WOORDE.

<i>Eerste persoon.</i> —	{ <i>myn</i> en <i>myne</i> , so's: Dis <i>myn</i> huis, en: Di huis is <i>myne</i> .
<i>Tweede Persoon.</i> —	{ <i>jou</i> en <i>joue</i> , so's: Dis <i>jou</i> sambreel, en di sambreel is <i>joue</i> .
<i>Derde Persoon</i> , enkelvoud,	mannelik.— <i>syn</i> en <i>syne</i> .
„	„ vrouklik.— <i>haar</i> en <i>hare</i> .
„	„ onsydig.— <i>syn</i> en <i>syne</i> .
„ meervoud,	— <i>ons</i> en <i>onse</i> .

ANMERKING.—By di Besittelike Voornaamwoorde is dit net anders as by di Hoedanigheidswoorde. Daar kom di *e* agteran as di Naamwoord volg, en hier as daar gen Naamwoord volg. So's: Dis 'n *flukse* pèrd. Di pèrd is *fluks*. Dis *myn* pèrd. Di pèrd is *myne*.

SESDE HOOFSTUK.—O'ER DI TELWOORDE,

1. Telwoorde druk getalle nit.
2. Daar is twe soorte van Telwoorde:—
 - Onbepaalde*, so's veel, min, baie, ens.
 - Bepaalde*. Di word weer verdeel in twe soorte:—
 - a. Di getal self soos een, twe, dri, ens.
 - b. Di getal as 'n hoedanigheidswoord, so's eerste, tweede, derde, en verder tot 19 deur *de* agter di getal te sit, en van 20 en verder deur *ste* agteran te las.
3. As di telwoorde ver hoedanigheidswoorde gebruik word, dan word hulle net so verbuig.

SEWENDE HOOFSTUK.—O'ER DI WERKWOORDE.

1. Werkwoorde druk 'n werking uit, so's: Myn skape*wei*; *ek loop*, ens.
2. Ons het twe soorte van werkwoorde:—
 - a. *O'ergaande werkwoorde*, waar di werking van di werker op 'n ander ding kan o'ergaan. So is *liefhê* 'n oer-

gaande werkwoord, want ek kan sê: ek het myn vrou lief; di werking *liefhê* gaat dan oer van my op myn vrou.

- b. *Ni-O'ergaande werkwoorde*, waarvan di werking by di werker self bly, en ni op 'n andor ding kon o'ergaan ni, soos: *sit, slaap, ens.*, want 'n mens kan ni sê: ek *sit, slaap*, ens. ver hom om ver haar ni.

3. Di Oergaande werkwoorde kan 'n mens op twe maniere gebruik, nadat jy di werking beskou van di kant van di werker, of van di kant van di lyder waarop di werking o'ergaat. Dan is dit

- a. *Bedrywend* (werkend) as jy dit van di kant van di werker beskou, so's: Piet *slaat* ver Jan.
b. *Lydend*, as jy dit van di kant van di lyder beskou, so's: Jan *word geslaan* van Piet.

ANMERKING.—In di taalkunde van ander tale praat hulle oek van *wederkerende en onpersoonlike* werkwoorde. Mar in Afrikaans, Engels, en di meeste nuwe tale bestaan dit in di vervoeging van di werkwoord self ni. So's of ek sê: Di vrou *was haar kind* (bedrywend o'ergaande) of: Di vrou *was ver haar self* (wederkerig); di werkwoord *was* is mar net eenders.

4. Van di vervoeging van di werkwoorde het ons in di nuwe tale oek mar min o'ergehou, want dit word ver di meeste part gedaan met hulp-werkwoorde, dit is werkwoorde wat oek partykeer gebruik word om di vervoeging van ander werkwoorde te help maak.

5. Di *Hulp-werkwoorde* is: *hê, sal, wees, worde, wil, kan, moet, ens.* *Hê* word gebruik om di *verlede* in di bedrywende werkwoord, *wees* en *worde* om di *verlede* in di lydende werkwoord te help maak; en *sal* om di toekomst uit te druk.

ANMERKING.—In di taalkunde van ander tale ge hulle by di werkwoorde gewoonlik vier maniere van vervoeging op: onbepaalde, antonende, anvoegende, en gebiedende. Mar in di vervoeging self bestaan mar eintlik twe maniere: onbepaalde en bepaalde.

6. Di *onbepaalde manier* is di werkwoord in di verskillende ty'e, mar sonder bepaling van persone; by di *bepaalde manier* word di ty'e en di persone albei bepaal.

7. Di werkwoorde het *dri hoof-tye*, na di loop van di tyd: teenwoordige, verlede, toekomstige; so's

Teenwoordige tyd	—	Ek loop.
Verlede	„	—Ek het geloop.
Toekomstige	„	—Ek sal loop.

8. Di toekomstige tyd kan 'n mens op vier maniere voorstel, so's

Eerste toekomstige tyd—	Ek sal loop.
Twede „ „ -	Ek sal geloop hê.
Eerste voorwaard. „	Ek sou loop.
Twede „ „ -	Ek sou geloop hê.

ANMERKING.—Waarom het ons mar *één* verlede en vier toekomstige tye in ons taal? Sou d't wees omdat ons volk nog gen verlede mar wel 'n toekoms het?

9. By di hulpwerkwoorde is di verlede tyd oek weer in twe verdeel. Dit word genoem *onvolmaak* en *volmaak* verlede tyd; so's—

Teenwoordige. Onvolmaak verlede. Volmaak verlede.

Ek het	Ek had	Ek het gehad
Ek sal	Ek sou	----- --
Ek is	Ek was	Ek is of was gewees
Ek word	Ek werd	Ek is of was geworde.
Ek kan	Ek kon	----- --
Ek moet	Ek moes	-----
Ek wil	Ek won	Ek het gewil.

10. Di *onbepaalde manier* het mar twee tye :

<i>Teenwoordige tyd</i> —	loop.
<i>Verlede</i> „	- geloop hê.

ANMERKING.—Di Hebraëuse taal het ver di hele werkwoord mar net twee tye: verlede en toekomstige tyd.

11. By di *bepaalde manier* reken ons di antonende anvoegende, en gebiedende maniere.

ANMERKING.—Di *gebiedende* manier tel ons by di bepaalde, omdat di persone dærby bepaal word, so's: loop jy! loop julle! mar in vorm is dit gelyk an di onbepaalde.

12. By di verwoeging van di werkwoorde moet ons oek nog 'n woortjie se van di *deelwoorde*. Di het twee tye, teenwoordige en verlede. Die teenwoordige deelwoord word gemaak deur *end* agter, en di verlede deur *ge* vóór di werkwoord te set: so's:—

Onbepaalde manier. Tegenwoordige deelwoord. Verlede deelwoord

Loop	lopend	gelopen
Kook	kokend	gekook.

13. Di *tegenwoordige deelwoord* word altyd gebruik nes 'n hoedanigheidswoord.

14. Di *verlede deelwoord* word gebruik om di verlede tyd van di werkwoord te help maak.

15. Di werkwoorde het *drie Persone* in di enkelvoud en meervoud:

Eerste Persoon. Tweede Persoon. Derde Persoon.

Enkelvoud.	<i>Ek</i> loop	<i>Jy</i> loop	<i>Hy, sy, dit</i> loop
Meervoud. —	<i>Ons</i> loop	<i>Julle</i> loop	<i>Hulle</i> loop.

ANMERKING.—Di persone maak by ons geen verskil an di ver-voeging van di werkwoord self ni; sodat di persone hier ointlik ni te pas kom ni. Mar ons ge dit daarom mar an, omdat di mense daaraan gewend is in ander spraak-kunste. Mar by di voorbeelde ge ons mar net di eerste persoon an.

16. Di vollende voorbeelde sal verder alles duidelik maak:—

VERVOEGING VAN DI HULPWERKWOORDE.

ONBEPAALEN MANIER.

	Hé	Wees	Worde	Sal	Kan	Moet	Wil
Teenwoordige tyd			geworde hé				
Verlede tyd	gehad hé	gewees hé	of wres		gekan hé	gemoet hé	gewil hé
Verlede deelwoord	gehad	gewees	geworde		gekan	gemoet	gewil

BEPAALEN MANIER.

Teenwoordige tyd	ek het	ek is	ek word	ek sal	ek kan	ek moet	ek wil
Onvolm. verlede tyd	ek had	ek was	ek werd	ek sou	ek kon	ek moes	ek won
Volmaak verlede tyd	ek het gehad	ek is of was gewees	ek is of was geworde		ek het gekan	ek het ge- moet	ek het gewil
Eerste toekomst. tyd	ek sal hé	ek sal wees	ek sal worde		ek sal kan	ek sal moet	ek sal wil
Twede toekomst. tyd	ek sal ge- had hé	ek sal ge- wees hé	ek sal ge- worde hé of wees		ek sal gekan hé	ek sal ge- moet hé	ek sal gewil hé
Eerste voorwaardel. toekomstige tyd	ek sou hé	ek sou wees	ek sou worde		ek sou kan	ek sou moet	ek sou wil
Twede voorwaardel. toekomstige tyd	ek sou ge- had hé	ek sou ge- wees hé	ek sou ge- worde hé of wees		ek sou gekan hé	ek sou ge- moet hé	ek sou gewil hé

VERVOEGING VAN DI O'ERGAANDE WERKWOORD

SLAAN.

BEDRYWENDE VORM.

ONBEPAALE MANIER.

Teenwoordige tyd: Slaan
 Verlede tyd: Geslaan hê
 Verlede deelwoord: Geslaan.

BEPAALE MANIER.

Teenwoordige tyd: Ek slaaf
 Verlede tyd: Ek het geslaan
 Eerste toekomstige tyd: Ek sal slaan.
 Tweede toekomstige tyd: Ek sal geslaan hê.
 Eerste voorw. toekomstige tyd: Ek ou slaan
 Tweede voorw. toekomstige tyd: Ek sou geslaan hê.

LYDENDE VORM.

ONBEPAALE MANIER.

Teenwoordige tyd: Geslaan worde
 Verlede tyd: Geslaan geworde hê of wees

BEPAALE MANIER.

Teenwoordige tyd: Ek word ges'laan
 Onvolmaak verlede: Ek werd geslaan
 Volmaak „ Ek is of was geslaan
 Eerste toekomstige: Ek sal geslaan worde
 Tweede „ Ek sal geslaan wees
 Eerste voorwaard. „ Ek sou geslaan worde
 Tweede „ „ Ek sou geslaan gewees hê.

19. Di Ni-oergaande Werkwoord word net so vervoeg so's di Bedrywende Vorm van di O'ergaande.

AGSTE HOOFSTUK. O'ER DI WOORDE WA SI VERBURG WORDEN.

1. Di Bywoorde, Voorsetsels, Voegwoorde, en Uitroepwoorde blyf altyd onveranderd.

2. Di BYWOORDE word by ander woorde geset om di werking of hoedanigheid daarvan nader te bepaal, so's: *ver* skiet, *regte* mooi, e s.; of om 'n omstandigheid uit te druk, so's van plaas: *hier* en *daar*; van tyd: *vryg*, *laat*, ens.

3. Di VOORSETSELS toon an in watter betrekking 'n naamwoord of voornaamwoord staat, waarvoor dit geplaas word, so's: *an* di deur, *van* di huis, *agter* myn, *uit* di kraal, ens.

4. Di **VOEGWOORDE** verbind woorde en sinne an makkaar, so's: Jan *en* Piet; ek is bly, *mar* Jan is verdrietig.

5. Di **UITROEPWOORDE** is woorde wat 'n mens gebruik om verwondering, afkeuring, droefheid, blydschap, skrik, ens., uit te druk, sonder verbinding met ander woorde. Hiervan het ons baie in ons taal, so's: Hierjy! hook! hierso! eisa! eina! hê! nè! à-á! hê-é! hêi! toe-nou! nou-toe! nô-tog! foci-tog! soo! trek! stop! voersek! arie! basta! sios! fie! allemensig! allementig! ho-ha! hook-hai! o-goeje! juistemment! kyk-tog! ag-kom! ag-loop! moenie! sakkerloot! nô! ens.

DERDE PART.

OM DI WOORDE REG TE VERBINDE.

(SYNTAXIS).

EERSTE HOOFSTUK.—O'ER VOLSINNE.

1. 'n *Volsin* is di hele uitdrukking van di sin van ons gedagte.

2. Di *dele* van 'n volsin is enkele sinne.

3. Di *enkele sinne* bestaan weer uit kleiner dele.

4. Di *kleinere dele* is weer saamgesteld uit woorde.

5. So kan ons 'n volsin op dri maniere uitmakaar uithaal:—

'n Volsin in enkele sinne;

'n Enkele sin in kleinere parte;

'n Kleiner part in aparte woorde.

6. Neem 'n voorbeeld:—

Volsin: "Myn vader roep ver my; daarom moet ek loop."

Enkele sinne: "Myn vader roep ver my," en
"Ek moet loop."

Kleinere parte:—

Onderwerp, waarvan 'n mens praat.

Gesegde, wat 'n mens van di onderwerp seg.

Voorwerp, waar di werking van di onderwerp op o'ervraat.

Bepaling, wat enig deel van di sin nader bepaal.

7. Lat ons nou 'n sin in kleinere parte verdeel, neem: "Di brave vader straf syn stoute seun uit liefde.:

Onderwerp —Vader.

Bepaling van di onderwerp —Di brave,

Gezegde—straf.

Bepaling van di gezegde uit liefde.

Voortwerp—Seun,

Bepaling van di voortwerp —syn stoute.

8. Dan kan ons 'n sin nog verder oplos in woorde. Neem diselfde sin:

Di—bepalende lidwoord.

brave—byvoeglike naamwoord—stellende trap.

vader—naamwoord—soortnaam—mannelik—enkelvoud.

Straf—o'ergaande werkwoord—bepaalde wys—teenwoordige tyd.

syn besittelik voornaamwoord—mannelik—enkelvoud.

stoute—byvoeglik naamwoord—stellende trap.

seun—naamwoord—soortnaam—mannelik—enkelvoud.

uit—voorzetsel.

liefde—naamwoord—soortnaam—enkelvoud.

TWEDE HOOFSTUK—O'ER DI LELSTELINGS.

Ver duidelikheid skryf ons met di vollende *Leestekens*:

(.) *Punt*, an di einde van 'n volsin.

(,) *Komma*, agter di gedeeltes van 'n sin.

(;) *Kommepunt*, an di einde van 'n sin, as daar nog 'n verklaring op volg.

(:) *Dubbele punt*, net so, as daar nog 'n anhaling op volg.

(?) *Vraagteken*, agter 'n vraag.

(!) *Uitroepingstekens*, agter 'n uitroeping.

En nog andere, mar ons ge'uz di vernaamste an.

DERDE HOOFSTUK. A. RISKAANSE UITDRUKKINGS.

1. Nes in Frans het ons 'n dubbele ontkenning in ons tweemaal *ni*. Dis deur di Franse vlugtelingen in ons taal ingebreg.

2. Net so ons tweemaal *ous*, in plaas van di Hollanse *wij* en *ons*. Dis oek van di Franse *nous* ver *wij* en *vous* ver *ons* hier ingekom.

3. Nes in Hebreus *lo*, so het ons oek 'n voorzetsel *ver*, wat

net voor di naamwoord kom om an te wys dat di werking van di werkwoord op di naamwoord o'ergaat, so's: Ek leer *ver* hom; roep *ver* Piet! ens.

4. So het ons nog 'n gebruik van di voorsetsels nes in Hebrons. As di voorsetsel 'n lewering in een of ander rigting uitdruk, den kom dit partykeer as 'n toevoegsel agter di naamwoord an, so's: Kaap-*toe*, se-*in*, land-*uit*, son-*op*, son-*onder*, ens.

5. Nes in Hebrons herhaal ons 'n woord om krag daaran te ge, so's: "Dood is hy doo." ver "hy is seker dood;" "kom sal hy kom," ver "hy sal seker kom."

VIERDE HOOFDSTUK. OM GEDIGTE TE MAAK.

1. Hier moet ons op twe dinge let: *maat* en *rym*.
2. Di *maat* wys an di lengte van di afdelings van di reels van 'n vers.
3. Di reel kan één, twe, dri, dri, of meer afdelings hê.
4. Elke afdeling het twe of dri sillabes.
5. In elke afdeling moet één sillabe di *aksent* (') hê, waar di nadruk op val en waar 'n mens dan op moet druk as jy lees.

ANMERKING.— Di aksent word ni altyd bygeskrywe ni; ons set dit mar hier in di voorbeelde om te lat sien wat ons meen.

6. Di *rym* is di eenderse klanke in di laaste of twe laaste sillabes in di reels van 'n versi.

VOORBEELDE.

7. Ons *Folkslied* het ses reels in 'n vers, en vier afdelings in elke reel, en twe sillabes in idere afdeling, waarvan di aksent op di laaste val.

Een i der na/si hét/ syn Táand,
 Ons woór/ op A/frikáan/se stráand.
 Ver óns/ is daár/ gen bé/ter grónd
 Op ál/ di wy/e wê/reldrónd.
 Trots ís/ ons óm/ di náam/ te drá
 Van kínders ván/ Suid A/friká.

8. Hier rym twe reels op makkaar, mar partykeer kan dit oek al-om-di-ander reel rym. Hier rym di laaste sillabes alleen, dit noem ons *stevende* rym; mar partykeer rym di voorlaaste oek, dit is dan 'n *slepende* rym.

9. Di twe soorte van rym, staande en slepende, wissel dik-

wils makkaar af, so's in "Di Steweltjies van Sannie:"

Dit hélp/ nou we'nig óm/ te hál, /
 Al hét/ ek spyt/ van Són/ni,
 Kon ék/ di óu/ ding má/ verrú/it,
 Dan sou/ ek—már/ ek kún/ ni.

10. Hier is nou nog 'n voorbeeld, van 'n vers met dri sillabes in elke afdeling. Dan val di aksent op di middelste sillabe. Dit noem hulle *trippelmaat*, so's in "Gert Beyers":

Gert Býers/ het géld en/ Gert Býer./ het vé;
 En ál wat/ hy ánvat/ daar máak hy/ geld mé.
 Mar 'n vrou moet/ hy ánskaf./ dis sókor/lik waar,
 Want sónder/ 'n vrou gaat/ 'n huís deur/makkaar.

11. Partykeer skiet daar 'n sillabe o'er an di end in di *slepende* ryim, so's in di tweede en vierde re'el van "Di Steweltjies van Sanni." Partykeer kom daar weer een tekort in di *staande* ryim, so's in di laaste afdelings van "Gert Beyers."

12. Nou moet 'n mens naar net oppas dat jy di maat waar jy di eerste vers me leg in hou in al di ander verse.

Geskiedenis van di Afrikaanse Taalbeweging
VER VRIND EN VYAND,
UIT PUBLIEKE EN PRIVATE BRONNE

BEWERK DEUR

'N LID VAN DI GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS

Prys 2s. 6d., Posgeld saam.

Vrinde en Voorstanders van di Afrikaanse Taalbeweging, behoort di boek te he om hulle vrindskap an te moedig en te versterk, en di boek te versprei so ver as hulle kan.

Teenstanders en Vyande sal wel di noodsakelikheid insien om dit te lees, omdat dit onbillik is om 'n saak of beweging te veroordeel en teen te staan sonder daar behoortlik kennis van genome te he.

Onpartydige gelieve daar kennis van te neem om party te kan kies. Is di beweging hulle ondersteuning werd, wel dan dien hulle dit te ondersteun; so ni, dan behoort hulle dit te bestry. "Di ni vergader di verstrooi."

Ideeen en algar wat iets van di taalbeweging wil weet, of meer daarvan wil weet, sal wel doen met di boek te raadplege waarin hulle alles sal vinde omtrent di ontstaan en vortgang, doel en werk van di Genootskap van regte Afrikaners.